DIENSKONTRAK VIR HUISWERKER

Afdeling A: BESONDERHEDE VAN DIENS

1. Persoonlike besonderhede van huiswerker (hierna genoem die "werknemer")

Van : .....
Voorname: .....
ID-nommer:.....
Woonadres: .....
..... Tel.no.: .....
Naasbestaande: .....
Adres: .....
..... Tel.no.: .....

2. Besonderhede van werkgewer

Van : .....
Voorname: .....
Woonadres: .....
.....
Tel.no. (Huis): ..... Tel.no. (Werk): .....

3. Aanvangsdatum:

(a) Datum waarop diens begin het ..... [C 1.1]
(b) Effektiewe datum van ooreenkoms ..... [C 1.2]

4. Posbenaming: ..... (bv. huiswerker, tuinwerker, voertuigbestuurder of oppasser) [C 2.1]

5. Werksbeskrywing (algemeen): [C 2]

.....
...
.....
...
.....
...

6. Dae en normale werksure (etenspouse ingesluit): [C 3]

	Aanvangstyd	Klaarmaaktyd
Maandag	.....	.....
Dinsdag	.....	.....
Woensdag	.....	.....
Donderdag	.....	.....
Vrydag	.....	.....
Saterdag	.....	.....
Sondag	.....	.....

Die etenspouse is ..... (nie minder as 30 minute nie), welke tyd deur die werkgewer bepaal word. Die etenspouse word nie as deel van normale werksure beskou word nie, behalwe waar die werknemer kinders, bejaardes, siekes, verswaktes of gestremdes moet versorg.

7. Werkplek(ke):

.....

(bv. hele perseel, slegs hoofhuis, tuin, ens.)

8. Besoldiging: MAANDELIKS *

(a) Basiese salaris/loon – R ..... R .....

per ..... (maand/twee weke/week/dag);

(b) Ander voordele (indien enige) en kontantwaarde:

……..... R .....

……..... R .....

(bv. voedsel, vervoertoelaag, ens., maar nie behuising nie)

Subtotaal: **R** .....

Minus: Ooreengekome aftrekkings:

……..... R .....

……..... R .....

(bv. huur, medies, ens.)

Maandelikse totaal: **R** .....

***Maandelikse verdienste = weeklikse verdienste x 4 1/3

9. Oortyd: Oortyd sal nie 15 ure per week oorskry nie. Die oortydbepalings en betaling daarvoor word verder in klousule 4 van Afdeling C – Algemene Diensvoorwaardes uiteengesit. [C 4]

10. Betalingsmetode: ..... (bv. kontant/tjek/inbetaling in rekening)

11. Gereeldheid van betaling: ..... (bv. einde van dag/week/maand)

12. Verlof: Is die werknemer geregtig op die minimum jaarlikse verlof soos uiteengesit in klousule 8 van Afdeling C – Algemene Diensvoorwaardes? Ja/Nee Indien op meer verlof ooreengekom is, vermeld dit waarop ooreengekom is: .....

13. Spesiale bepalings:

.....
.....
...
.....
...

Afdeling B **VERBLYF (voltooi indien toepaslik)**

Verblyf word, onderhewig aan bepalings hierna, aan die werknemer verskaf:

1. **Beskrywing van verblyfplek:**
   .....
   ..... (hierna "die perseel" genoem)

2. **Huur:** R ..... per maand, welke bedrag van die werknemer se besoldiging afgetrek word.

3. Persone (indien enige) wat vir die duur van die ooreenkoms die perseel mag bewoon:
.....

4. **Maksimum tydperk waarvoor die werknemer ander besoekers op die perseel mag ontvang:**
   .....
(Benewens die persone in Item 3 vermeld, mag geen persoon die perseel sonder die toestemming van die werkgewer besoek of bewoon nie.)

5. **Water en elektrisiteit:** Water en elektrisiteit is by die huurbedrag ingesluit. Die gebruik van water en elektrisiteit is slegs tot die voordeel van die regmatige bewoners van die perseel.

6. Spesiale voorwaardes ooreengekom (indien enige):
.....
.....

7. **Beëindiging:** Die werknemer se reg om die perseel te bewoon, mag met 30 dae skriftelike kennis beëindig word, hoewel die werknemer steeds in die diens van die werkgewer kan aanbly.

Afdeling C: **ALGEMENE DIENSVOORWAARDES**

1. Aanvang en tydperk van diens

1.1 Vir die doeleindes van dienserkenning sal die werknemer se dienste geag word 'n aanvang te geneem het op die datum wat in Item 3(a) van die Afdeling A genoem word.

1.2 Vir alle ander doeleindes sal hierdie ooreenkoms geag word 'n aanvang te geneem het op die datum wat in Item 3(b) van die Afdeling A genoem word. Die

ooreenkoms sal van krag bly totdat dit kragtens klousule 13 hierna beëindig word.

2. Aanstelling

2.1 Die werknemer word as huiswerker in diens geneem en sal die take verrig wat in Item 5 van Afdeling A uiteengesit word, sowel as werk wat met sodanige take verband hou.

2.2 Die diskresie ten opsigte van die presiese aard en omvang van die take berus by die werkgewer en mag van tyd tot tyd verander.

3. Werksdae en normale werksure

Die werksdae en normale werksure word in Item 6 van Afdeling A uiteengesit, welke werksure in totaal nie 45 ure per week mag oorskry nie. Die werknemer is daarop geregtig om ’n etenspouse van 60 minute te neem nadat die werknemer vir hoogstens vyf ure aaneenlopend gewerk het, tensy ’n korter periode in Item 6 van Afdeling A vermeld word.

4. Oortyd, Sondae en openbare vakansiedae

4.1 Daar mag van tyd tot tyd van die werknemer verwag word om oortyd te werk, welke oortyd werk ná normale werksure, op Sondae en op openbare vakansiedae mag insluit. Die werknemer sal ten minste 48 uur voordat die oortyd ’n aanvang neem, daarvan in kennis gestel word. Die kennistyd kan in geval van nood verkort word.

4.2 Vir soverre die normale werksure soos uiteengesit in Item 6 van Afdeling A oorskry word, sal dit as oortyd beskou word en sal die werknemer teen 1½ keer die normale tarief vergoed word.

4.3 Indien die werknemer normaalweg op ’n Sondag werk, sal die werknemer teen 1½ keer die normale tarief vergoed word vir die ure wat op ’n Sondag gewerk word. Indien die werknemer egter nie normaalweg op ’n Sondag werk nie, sal die werknemer teen ten minste dubbeld die normale tarief vergoed word.

4.4 Waar die werknemer normaalweg op ’n openbare vakansiedag werk, sal die werknemer dubbeld die normale dagloon ontvang. Indien die werknemer egter nie normaalweg op ’n openbare vakansiedag werk nie en kragtens hierdie ooreenkoms in kennis gestel word om op ’n openbare vakansie dag te werk, dan sal die werknemer die normale dagloon ontvang, plus die verdienste vir ure gewerk teen die normale tarief.

5. Salaris/Loon

Die werknemer se salaris/loon word in Item 8(a) Afdeling A aangegee, welke bedrag van tyd tot tyd aan hersiening en aanpassing onderhewig is.

6. Betaling

Die gemelde salaris/loon, minus statutêre en ooreengekome aftrekkings, sal ooreenkomstig die metode in Item 10 van Afdeling A betaal word.

7. Byvoordele

Benewens die salaris/loon, is die werknemer geregtig op die byvoordele soos aangedui in Item 8(b) van die Afdeling A.

8. Jaarlikse verlof

Die werknemer is op drie weke verlof per jaar geregtig. Die werknemer sal betaal word vir die dae wat hy/sy andersins sou gewerk het. Die partye sal, onderhewig aan die toepaslike wetgewing, ooreenkom wanneer die verlof geneem word.

9. Openbare vakansiedae

Tensy daar, ooreenkomstig klousule 4.1 en 4.4 hierbo, van die werknemer verwag word om te werk, is die werknemer geregtig om verlof met volle betaling te neem op enige dag wat ooreenkomstig die Wet op Openbare Vakansiedae as ’n openbare vakansiedag beskou word, indien dié dag op ’n normale werksdag val.

10. Siekteverlof

Indien die werknemer as gevolg van siekte of besering nie in staat is om te werk nie, sal die werknemer op siekteverlof geregtig wees. Gedurende elke siekteverlofsiklus van 36 maande is die werknemer geregtig op ’n hoeveelheid siekteverlof met betaling wat gelyk is aan die aantal dae wat die werknemer normaalweg gedurende ’n tydperk van ses weke sou werk (bv. indien die werknemer vyf dae per week werk, is hy/sy op 30 dae siekteverlof in 36 maande geregtig). Gedurende die eerste ses maande van diens is die werknemer geregtig op een dag se betaalde siekteverlof vir elke 26 dae wat die werknemer gewerk het.

11. Kraamverlof

Die werknemer is op vier maande onbetaalde kraamverlof geregtig. Die verlof sal te eniger tyd binne die vier weke voor die verwagte dag van die geboorte ’n aanvang neem – die presiese datum sal tussen die partye ooreengekom word. Indien die werkgewer instem, mag die werknemer reeds ses weke ná die bevalling weer begin werk.

12. Gesinsverantwoordelikheidsverlof

Die werknemer is op vyf dae gesinsverantwoordelikheidsverlof per jaar geregtig, welke verlof in die geval van siekte of dood van ’n kind, of in die geval van dood van ’n eggenoot of lewensmaat, (aannemende) ouer, grootouer, (aangenome) kind, kleinkind, broer of suster geneem mag word. Redelike bewys kan ten opsigte van die relevante voorval deur die werkgewer vereis word.

13. Diensbeëindiging

13.1 Onderhewig aan die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995) kan die dienskontrak beëindig word met wedersydse skriftelike kennis van ten minste:

- een (1) week, indien die werknemer ses maande of korter in diens was; of
- vier (4) weke, indien die werknemer ses maande of langer in diens was.

13.2 Ondanks die bepalings van 13.1, kan die Werknemer se diens onder die volgende omstandighede beëindig word:

- summier, indien die werknemer in ’n dissiplinêre verhoor aan wangedrag skuldig bevind word en sodanige wangedrag regtens summiere ontslag regverdig; of
- om enige ander rede wat regtens toelaatbaar is.

14. <u>Reëls en prosedures</u>

Daar word van die werknemer vereis om aan alle reëls wat deur die werkgewer neergelê word, gehoor te gee. Hierdie reëls hoef nie geskrewe reëls te wees nie, maar sluit gebruike en reëls in waarvan die werknemer mondelings in kennis gestel word.

Deur hierdie dokument te onderteken, erken beide die werkgewer en werknemer dat hulle vertroud is met al die bepalings wat hierbo uiteengesit is.

Geteken/gemerk (Werknemer): ..... Datum: .....

Getuie/Tolk: .....

Geteken/gemerk (Werkgewer): ..... Datum: .....

Getuie/Tolk: .....